LES 4: Leierskap en Bestuur

Beantwoord die volgende vrae

1.Outokratiese leiers is soms nodig in ons besigheidswereld.

1.1 Bespreek DRIE nadele van ‘n outokratiese leierskapstyl (3x2=6)

1.2 In watter situasies kan hierdie leierskapstyl aangewend word. (6)

2. Onderskei tussen *leierskap* en bestuur (8)

3. Lees die gevalle studie en beantwoord die vrae wat volg:

Jan glo dat die enigste manier om hoë vlakke van uitnemendheid te bereik, is deur hoë leierskapstandaarde te hê. Hy glo ook dat leiers duidelike riglyne moet hê en nie vir kritiek bang moet wees nie. Leiers moet eerlik wees en presies weet wat hulle wil bereik.

Jan vergader elke maand met sy span met die doel om terugvoering en insette te kry oor waarheen die maatskappy op pad is. Jan vra twee dinge van elkeen: waarmee moet ons aanhou en wat moet ons verander om te verbeter. Almal moet idees bydra.' Lewensvatbare idees word dan geïmplementeer.

3.1 Identifiseer VIER eienskappe van ‘n suksesvolle leier uit die gevalle studie hierbo (4)

3.2 Wat soort leier is Jan? (2)

3.3 Haal twee aanhalings uit die gevalle studie om jou antwoord by 3.2 te staaf. (4)

4. Bespreek die rol van persoonlike ingesteldheid/houding in suksesvolle leierskap. (10)